Publication: Burger (Suid Kaap)

Date: Monday, August 04, 2025

Page: 4

# Spookfiets opgerig ná fietsryer se dood

**Carl Thomas**

'n Spookfiets is gisteroggend opgerig naby die toneel in FW de Klerk-boulevard in Kaapstad waar 'n 76-jarige fietsryer 'n week gelede vir sy selfoon aangeval en dae daarna in die hospitaal oorlede is.

Dennis Hammar van Bantrybaai, Kaapstad, het verlede Sondag alleen fietsgery toe die voorval omstreeks 10:00 op die N1-snelweg naby FW de Klerk-boulevard gebeur. Die aanvaller het Hammar met 'n glasbottel aangerand en hom hard van sy fiets gestamp, waarna hy die sypaadjie getref het. Die aanvaller is weg met Hammar se foon.

Hammar, wat frakture aan sy skouerblad en heup asook inwendige beserings opgedoen het, is Dinsdagaand in die Chris Barnard-gedenkhospitaal oorlede.

Die Club 100-fietsryklub, waarvan Hammar al sedert die begin 'n lid is, en die Pedal Power Association het gisteroggend se geleentheid gereël.

Die spookfiets is by die verkeerslig op die hoek van D.F. Malanstraat en Nelson Mandela-boulevard opgerig.

'n Groot groep van sowat 120 fietsryers het van Constantia tot by die toneel gery om die geleentheid by te woon.

Sharon Hammar (70), Hammar se vrou, het almal gisteroggend by die toneel bedank dat hulle opgedaag het om saam te staan "teen misdaad in Kaapstad ná die sinnelose en wrede aanval" op haar man.

Sharon is deur haar familie en vriende bygestaan. Hulle het almal fietsryklere of iets aangehad "wat Dennis altyd met trots gedra het".

Sharon het gevra dat almal moet saamstaan "in Dennis se naam" en die plaag van misdaad uitroei. Sy het met 'n swaar gemoed haar wyle man beskryf as "ongelooflik spesiaal, nederig, sorgsaam, toegewyd, liefdevol en respekvol".

Sy spot behalwe vir haarself en sy familie, het Hammar se "kosbare Colnago" 'n belangrike gedeelte van sy hart opgeneem "en moes ek soms 'n bietjie meeding met daai fiets".

"Hy het jare lank dieselfde fiets gehad en was vasbeslote om nie na 'n elektriese fiets oor te skakel nie al het so baie van sy medefietsryers dit gedoen."

In November verlede jaar, het sy vertel, was Hammar in 'n tref-en-trap-ongeluk in Paardeneiland betrokke. Hy is erg beseer en het harsingskudding opgedoen. Tot vandag toe, voeg Sharon by, is niemand weens daardie voorval vasgetrek nie.

Sharon, wat as oefenspesialis werk, het haar man gedokter en hy kon toe aan sy 41ste Kaapstad-fietstoer agtereenvolgens deelneem.

Sy sê haar familie glo as jy wil hê iemand se siel moet opstyg en in vrede rus, is die beste ding wat jy kan doen om elke dag 'n goeie daad in daardie persoon se naam te doen.

"Wat julle almal vandag doen, help Dennis om op te styg en 'n engel te wees wat oor ons almal sal waak soos ons ry."

Ian McMahon, wyksraadslid, het ook die geleentheid bygewoon. Hy het in sy toespraak genoem van die vergaderings wat gehou is om die aanvalle in Woodstock by Laer-Kerkstraat die hoof te bied, maar nou gebeur dieselfde aanvalle ook nader in die hartjie van die stad. Met verwysing na die meer as 400 grondbesetters in dié omgewing het hy gesê "daar moet ontslae geraak word van die mense". McMahon sê Transnet het reeds 'n uitsettingsbevel op 7 Julie aan besetters in Woodstock bedien.

"Namens die stad sê ek jammer vir wat gebeur het."

Dennis is gister begrawe.

– **carl.thomas@media24.com**




**'n Spookfiets is gister op die hoek van D.F. Malanstraat en Nelson Mandela-boulevard opgerig ter nagedagtenis aan Dennis Hammar wat verlede Sondag naby die toneel in Kaapstad, in die omgewing van FW de Klerk-boulevard, aangeval en beroof is. Hammar is Dinsdagaand in die hospitaal oorlede.**

Foto: THEO JEPTHA

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.